2018/05/17
08:42 AM

Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2018/05/17	DATUM 2018/05/16			+ - LAST WEEK 2018/05/07	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	*Data*
DJIA-index	24747	90.24	0.4%	24657	3.4%	23930
Goud (Spot)	1292.74	-0.98	-0.1%	1293.72	-1.2%	1309.02
Brent $/vat	79.2	1.09	1.4%	78.11	8.0%	73.33
1 € / US$	1.1825	0.00	-0.1%	1.1832	-1.2%	1.1971
1 US$ / ZAR	12.42	-0.140	-1.1%	12.56	-1.3%	12.58
Corn	R 1 957.75	-31	-1.6%	R 1 988.72	*CBOT Corn Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Jul 12:00 the previous day	
Wheat	R 2 251.66	-25	-1.1%	R 2 277.05	* CBOT Wheat Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Jul 12:00 the previous day	
Soybeans	R 4 580.00	-91	-2.0%	R 4 671.31	* CBOT Soy Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jul 12:00 the previous day	

Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)				
Corn Jul 18	400.40	-1.80	-0.4%	402.20
Wheat Jul 18	493.40	0.00	0.0%	493.40
Soybeans Jul 18	1003.60	-8.60	-0.8%	1012.20

PLAASLIKE MARKINLIGTING					Pariteitspryse gelewer in Randfontein	
					Invoerpariteit	Uitvoerpariteit
SORGHUM May '18	3103.00	0.00	0.0%	3103.00	3592.42	1727.23
WMAZ May 18	2110.00	25.00	1.2%	2085.00	4032.00	1930.00
WMAZ Jul 18	2143.00	27.00	1.3%	2116.00	3623.00	1970.00
WMAZ Sep 18	2192.00	23.00	1.1%	2169.00	3665.00	1982.00
YMAZ May 18	2207.00	29.00	1.3%	2178.00	3623.00	1930.00
YMAZ Jul 18	2238.00	57.00	2.6%	2181.00	3623.00	1970.00
YMAZ Sep 18	2284.00	27.00	1.2%	2257.00	3665.00	1982.00
SOY May 18	4527.00	26.00	0.6%	4501.00	6800.00	4284.00
SOY Jul 18	4591.00	20.00	0.4%	4571.00	6793.00	4557.00
SUN May 18	4572.00	12.00	0.3%	4560.00	6060.00	4293.00
SUN Jul 18	4665.00	2.00	0.0%	4663.00	6793.00	4493.00
WHEAT May 18	3885.00	-25.00	-0.6%	3910.00	4083.00	2022.00
WHEAT Jul 18	3945.00	-25.00	-0.6%	3970.00	4667.00	2035.00
WHEAT Sep 18	3927.00	-8.00	-0.2%	3935.00	4855.00	2035.00

BY DIE GELD PUT OPSIE	WM	YM
JULIE '18 TERMYNPRYS	R 2 143.00	R 2 238.00
PUT TREFPRYS	R 2 140.00	R 2 240.00
PUT PREMIE	R 62.73	R 68.14
MINIMUM SAFEX PRYS	R 2 077.27	R 2 171.86

WEEK NR.	MIELIE UITVOERE		
2	WM	YM	TM
WEEK TOTAAL	12 095	3 612	15 707
JTD TOTAAL	75 378	6 082	81 460
UITVOERBAAR	1 630 000	2 550 000	4 180 000
JTD AS % VAN UITVOERBAAR	5%	0%	2%
TEMPO/WEEK BENODIG	31 092	50 878	81 971
	MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS		
WEEK TOTAAL	51 840	73 804	125 644
JTD TOTAAL	140 324	186 883	327 207
NOK SKATTING + REGSTELLINGS	6 379 660	5 797 150	12 176 810
% GELEWER VAN OES	2%	3%	3%
TEMPO /WEEK BENODIG	148 556	133 578	282 133
	KORING INVOERE		
	2017/18	2016/17	5 Jr. GEM
WEEK TOTAAL	16 230	-	12 087
JTD TOTAAL	1 169 837	471 152	954 751
TOTAAL BENODIG	1 930 000	930 728	1 622 999
JTD AS % VAN BENODIG	61%	51%	59%

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R12.42/$ en het versterk vanaf die vlakke waarteen dit gister-middag met marksluiting verhandel het. Daar is tans nie baie faktore wat die waarde van die rand beïnvloed nie en die rand reageer grootliks op internasionale faktore en verhandel redelik in lyn met die ander ontluikende markte. Op die kommoditeitsfront het die Brent ru-olie prys weer versterk en die olieprys verhandel vanoggend teen $79.20/vat.

Mielies: Die Amerikaanse mieliemark het gister gemeng verhandel en dit kon nie aan die toenames wat aanvanklik in die mark gesien was vashou nie en die mark het effens laer gesluit. Die hooffokus vir die dag sal grootliks op die weeklikse Amerikaanse uitvoerverkope verslag wees met die algemene verwagting in die mark dat die weeklikse uitvoerverkope hoër as verlede week se uitvoerverkope behoort te wees. Dit lyk tog of die groot aankopers in die mark meer begin kyk na aankope vir invoere, veral na die nuutste wêreld vraag en aanbod syfers wat verlede week bekend gemaak was, aangetoon het dat die internasionale voorraadvlakke aansienlik laer behoort te wees aas die einde van 2018/19 bemarkingseisoen. Die voorraadvlakke in die Suid Amerikaanse lande is ook laer met die moeilike omstandighede wat geheers het in Argentinië en die Brasilië. Die Brasiliaanse opvolg oes mielie aanplantings is laat as gevolg van die sojaboon oes wat laat was. In die nuutste etanol produksieverslag is daar ook gerapporteer dat die etanol produksie verlede week toegeneem het en teen die huidige tempo van produksie behoort die USDA se jaarlikse skatting van verbruik vir etanol produksie te laag te wees. Die Amerikaanse mielie aanplantings sal dopgehou word aangesien dit 'n baie kritieke rol sal speel in die internasionale voorraadvlakke vir die seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is van beide wit- en geelmielies. Die rand het gister verswak tydens die verhandelingsessie en die pariteite vir die dag was positief gewees. In gister se weeklikse produsente leweringsverslag wat deur SAGIS bekend gemaak word, was die weeklikse WM lewerings op 51 840 ton terwyl die YM lewerings vir die week op 73 804 ton. Die totale lewerings vir die seisoen tot dusver is 327 207 ton.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonpryse het gister skerp onder druk gekom, hoofsaaklik as gevolg van bekommernisse rakende die vraag in China na Amerikaanse sojabone. Die handelsgeskille tussen die VSA en China wat steeds nie opgelos is nie, het 'n impak op die aankope van Amerikaanse sojabone deur China. Dit kon ook duidelik gesien word in die afgelope paar weke se uitvoerverkope wat laer as normaal was, met veral laer voorrade wat aan Sjina verkoop was. Die verwagting vir die weeklikse uitvoerverkope verslag wat later vandag bekend gemaak word is dat die uitvoerverkope nie noemenswaardig meer behoort te wees as die vorige week se verkope nie. In ander internasionale nuus is die verwagting dat die produsente in China meer sojabone sal aanplant hierdie seisoen as mielies met die regering wat aangedui het dat die hulle addisionele hulp aan produsente sal verleen wat sojabone plant om dit meer te stimuleer. In Brasilië is die verwagting ook dat die sojaboonproduksie behoort uit te brei in die komende seisoen wat sal bydra tot groter produksie in die wêreld konteks. Brasilië het hierdie seisoen 'n nuwe rekord sojaboon produksie gehad. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die stroopproses van die nuwe seisoen sojabone het goed gevorder en in meeste van die gebiede was die opbrengs beter as die algemene verwagtinge gewees. Daar is tans baie groot sojaboon voorrade beskikbaar in die land met die groot oordragvoorraad vanaf verlede seisoen tesame met die nuwe seisoen se sojabone.

Koring: Die Amerikaanse koringmark het gister effens hoër gesluit met sterk koopkrag wat net voor marksluiting in die mark gesien was. Die koopkrag kan grootliks toegeskryf word aan die markdeelnemers wat lang posisies in die mark inneem om hulself te beskerm teen die groot hoeveelhede kort posisies in die mark. In die internasionale koringmarkte is die grootste faktor wat tans 'n rol speel die groot voorrade wat beskikbaar is, terwyl die vraag na koring in die internasionale konteks nie enige groot bewegings toon nie. Die verwagting in die mark vir die week se uitvoerverkope verslag wat later vandag bekend gemaak word, is dat die uitvoerverkope effens hoër as verlede week kan wees. Oor die algemeen is die verwagting grootliks dat dit meer die normale roetine verkope vir die week sal wees. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister meestal onder druk gekom en het laer gesluit in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die huidige koring invoertarief is R394/ton, maar daar is nog twee tariewe wat afgekondig moet word van R293/ton en R437/ton. Dit is tans week 8 vanaf die tarief van R293/ton gesneller het, maar nog nie afgekondig is in die Staatskoerant nie.

Plaaslike Markinsigte & Data: *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
Internasionale Markinsigte & Data: *www.usda.co.za*

Opgestel deur *Luan van der Walt en Ikageng Maluleke /* ***Vir navrae, kontak****: luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.